'N NUWE HUWELIKSFORMULIER OM DIE VROU SE POSISIE TE VERBETER

Julian Müller

Daar het 'n gaping ontstaan tussen die teologie van die huwelik en die werklike huwelikservaring in die praktyk. Rosemary Haughton in haar boek *The Meaning of Marriage* stel dit treffend: " …a theology of marriage shattered by experience." (p 149). Dit is die pynlike waarheid van ons dag. Die mooi uitgewerkte teologiese teorie oor die huwelik en die rolverdeling tussen man en vrou volgens die metafoor van "Christus en sy gemeente", is ver verwyder van die alledaagse werklikheid.

Die teologie oor die huwelik soos wat dit neerslag gevind het in die huweliksformulier is uitsluitlik deur mans geskryf. Toe ek onlangs in 'n onderhoud oor RSG deur Iris Bester gevra is wie die opstellers was van die huweliksformulier en of daar ook vrouens was op die kommissie wat daaraan gewerk het, moes ek met skaamte erken: "Ons was net mans." In 'n boek oor die huwelik wat onlangs verskyn het, het die skrywer 295 boeke oor die onderwerp geraadpleeg en self aangedui dat 225 daarvan deur mans geskryf is en 70 deur vrouens. Ons sit dus met 'n tradisie van huweliksteologie wat geskryf is deur mans en grootliks beïnvloed is deur patriargale man vrou-rolverdelings. Die huweliksformulier is 'n goeie voorbeeld van 'n manlik-gefabriseerde verstaan van die huwelik wat deur gebruik en tradisie kanoniese gesag gekry het.

Intussen beleef mans en vrouens hulle verhouding en rolverdeling in die hedendaagse huwelik heeltemal anders. Die huwelike van vandag word al meer op gelykheid gebaseer. Man en vrou is in alle opsigte gelyke deelnemers; Die vrou het ‘n ewe-betalende en soms meer-betalende beroep as die man; sy laat ook nie meer haar beroep vaar by die geboorte van die eersteling nie; hulle werk albei gewoonlik baie lang ure buitenshuis en die huistake word op 'n spontane manier verdeel. Daar is nie meer so iets dat skottelgoedwas en doeke omruil vrouenswerk is nie. En sulke huwelike wil net nie meer pas op die matriks van die tradisionele ongelyke, patriargale huweliksverhouding nie.

Studies toon dat die moderne vrou se ervaring van die huwelik heel verskillend is van dié van die man. Daar is nie net één huwelikservaring nie, maar twee: hare en syne. En hare is heelwat slegter as syne! Mans ervaar die huwelik dikwels as iets wat hulle

ondersteun in hulle werk. Dit is 'n huishoudelike rugsteun wat hulle verantwoordelikhede by die werk vergemaklik en selfs aangenaam help maak. In teenstelling daarmee ervaar die meeste vroue 'n spanning tussen die eise van 'n buitenshuise beroep en die huishouding. En die probleem is dat dit nie doodgewoon praktiese sakies is wat met bietjie onderhandeling tussen 'n man en vrou opgelos kan word nie. Daar kleef morele kategorieë aan hierdie huishoudelike take wat "pas by die vrou se rol". Die druk op vroue word verhoog omdat huiswerk en kosmaak geassosieer word met ' n vrou se gevoelens vir haar man en haar gevoel van eie waarde in die oë van ouers, familie en vriende.

Die kerk is veronderstel om sensitief te wees vir hierdie sosiale dilemma waarin die hedendaagse vrou haar bevind. In plaas daarvan vind ons in baie kerklike aksies en geskrifte 'n sterk poging om die manlik-gedomineerde samelewing te bly handhaaf en 'n volhardende poging om die Bybel aan te hou interpreteer volgens patriargale kategorieë. Die huweliksformulier wat dateer uit vorige era's en deur mans geskryf is, is waarskynlik een van die eerste dinge wat deur die kerk verander behoort te word in 'n poging om die gaping tussen teologie en werklikheid te oorbrug. Die formulier wat hier volg is 'n poging om in ander taal steeds die heiligheid van die huwelik te handhaaf.